PAARL AFRICAN TRUST

41 Sleigh Street, Langebaan, 7357
PO Box 153, Langebaan, 7357
+27 22 125 0400

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou

# Kom ons vergemaklik u administratiewe frustrasies

## Trust Dokumente vir Beplannings en Veilige Bewaring

Ons by Paarl African Groep streef daarna om akkuraat en so volledig as moontlik te werk. Ons glo dat elke kliënt van ons vir ons net so belangrik is as wat ons vir onsself is en glo dat niemand met afskeepwerk tevrede is nie. Ongelukkig is ons so afhanklik van u om ons van u akkurate inligting te voorsien, anders gaan daar ongelukkig afskeepwerk plaasvind.

**Daar is ook R88 miljard in onopgeëiste finansiële bates, wat aftreevoordele, bankrekeninge, beleggings en versekeringsuitbetalings in Suid-Afrika insluit. Dit is elke persoon se eie besluit of hulle deel van hierdie statistieke wil word.**

Ons weet dit is vir meeste mense 'n onaangename taak om al hulle dokumente vir ons te stuur, maar ons verseker u dat finansiëel suksesvolle mense baie akkurate rekordhouding toepas en daardeur kan ons vir u baie spaar aan kostes en belastings en kosbare tyd. Kan u u indink dat u 'n persoonlike, trust of maatskappy dokument of inligting skielik benodig en weet ons is daar om dit vir u te stuur, sonder dat u verdere moeite hoef te doen.

**Ons benodig die volgende van elke trustee en elke begunstigde.**

1. **Identiteitsdokumente – Afskrif in kleur**, indien u 'n kaart ID het, die voor en agterkant op een bladsy **in kleur**, met drie handtekening van u daarop. Kleur hou langer, kom ons doen dit een keer klaar. Ons sal dit self beëdig, so moenie dit as beëdig aanstuur nie.
2. **Bewys van huisadres –** dit mag nooit ouer as 3 maande wees nie
3. **Belastingnommer**

**Dan benodig ons die volgende dokumente van die Trust:**

1. **Trustakte, ook die oorspronklike registrasiedatum van die Trust.**
2. **Meester se Magtigingsbrief van die Trust**
3. **Bewys van die Trust se Bankrekening –** 'n brief wat u op u bank applikasie kan aanvra, maak seker dat dit gestempel is, dit mag ook nie ouer as drie maande wees nie
4. **Inkomste Belastingnommer van Trust –** SARS bewys van registrasie van inkomstebelasting.
5. **BTW nommer van Trust –** indien enige
6. **Finansiële State van Trust**
7. **Bates en Laste van Trust –** ons het 'n bate en laste dokument wat u net kan invul.
8. **Aandeleportefeuljes van Trust –** enige aandele en die hoeveelheid wat u besit
9. **Familie se FICA / Kinders se geboortesertifikate**
10. **Titelaktes van Eiendom(me)**
11. **Korttermyn versekeringsskedule en Eisegeskiedenis van Trust**
12. **Polisse en beleggings van Trust –** ons kan dit aanvra met die magtigings wat u vir ons gee, maar sal u in kennis stel as ons sekere inligting nie kan kry nie.

PAARL AFRICAN TRUST

Baie mense weet nie eers waar al hierdie dokumente van hulle is nie, maar met hulle in die hand kan ons belasting-, boedel-, egskeiding-, administrasie-, en nog heelwat ander kostes beperk. Ons wil graag ons kliënte se finansiële verwagtinge oortref.

Hier onder is ons QR-Kode met ons inligting op, skandeer dit gerus om toegang te kry daartoe en u kan dit selfs op u foon se tuisskerm installeer.

Vriendelike groete

**Hendrik Janse van Vuuren**
**Fiduciary Practitioner of South Africa® | Certified Financial Planner®**
*Member of the Fiduciary Institute of Southern Africa Nr. F1686*
*Member of the Financial Planning Institute of Southern Africa Nr. 101891*